Les 4: Vormingsjare

(Dawid was gehoorsaam en gewillig)

Veewagter

Doel: Om die kinders bewus te maak daarvan dat Dawid gewillig en gehoorsaam was in sy vormingsjare.

Speletjie:
Verdeel die kinders in vyf kleur groepe: rooi, blou, geel, groen, oranje. Maak "sterte" in die vyf kleure deur lang stroke materiaal van omtrent 8 cm by 120 cm (die breedte van die material) te knip en om te kap. (Hierdie stroke lap kan ook in ander speletjies as blinddoek gebruik word.)

'n Kraal word vir elke kleur span afgebaken met bv. stoele. Plant 'n vlag in die spankleur by die kraal se hek. Een kind uit elke kleur groep word die skaapwagter en die res druk die sterte agter by hulle broeke in. Die skapies kry 10 tellings om weg te hardloop uit die kraal. Dan moet die skaapwagter hulle gaan vang deur die skapie se stert uit te trek. As 'n skapie sonder sy stert is, moet hy teruggaan kraal toe. Die skapies wat die langste vat om gevang te word, wen.

(As mens nie sterte van materiaal wil maak nie, kan jy ook net kolle in die verskillende kleure op die kinders se skouers plak.)

Les:
Lees 1 Sam 16: 4 - 13.
Dawid was 'n veewagter. Dit was in die Bybelse tyd die jongste seun in die gesin se werk om die skape op te pas. Dawid het nie in opstand gekom teen sy werk wat hy moes doen nie. Hy was 'n talentvolle seun wat lief was om liedere te skryf en op sy lier (amper soos 'n kitaar) te speel terwyl hy die liedere sing. Daar in die veld by die skape wat hy moes oppas, was hy tevrede om liedere te sing en gedigte te skryf.

Die gedigte en liedere staan meestal in die boek Psalm geskryf.

Dawid is laat haal waar hy besig was om skape op te pas toe die profeet Samuel na Isai (Dawid se pa) se huis toe gekom het om die nuwe koning te salf. Al was hy Isai se jongste kind, is hy as die nuwe koning gesalf.

Terwyl Dawid nog skaapwagter was, is hy geroep om vir koning Saul te kom speel op sy lier sodat die rustige musiek die koning kon kalmeer. Kom ons lees in 1 Samuel 16:14-23 hiervan.

Aktiwiteit:
Doen die volgende aktiwiteit met die kinders:
Vra wie is gewillig om 'n liedjie of 'n deeltjie van 'n liedjie te sing. (Kies 'n kind.) Kom ons maak of ons Saul is en elkeen trek die kwaaiste gesig wat hy kan. Dan gaan ..... (noem die kind se naam) vir ons 'n liedjie begin sing. Sodra jy die musiek hoor, maak jy weer jou gesig ontspanne en rustig. (Die aktiwiteit kan 'n paar keer herhaal word.) (As geen kind bereid is om te sing nie, kan die leier self sing of 'n CD kan gespeel word.)

Toe die reus Goliat die Israeliete uitgedaag het om teen hom te veg, was Dawid se broers in Saul se weermag. Isai (Dawid se pa) het hom gestuur om te gaan kyk hoe dit met hulle gaan en om vir hulle kos te vat. Dawid was gewillig om dit te doen.

Toepassing
Net soos Dawid gewillig was om skape op te pas, vir Saul musiek te maak en kos vir sy broers te vat en teen die reus te veg, moet ons ook gewillig wees as Jesus ons wil gebruik. As ons ouers of onderwysers ons wil gebruik, moet ons ook gewillig wees soos Dawid gewillig was.

Alternatiewe speletjie: i.p.v. die speletjie heel aan die begin van die les: Speel "Skaap in die kraal" soos 'n mens "Bok in die hok" sou speel.

Liedjie om te sing: "Ek is bereid, ek is gewillig" (Wian Vos – Learn to discern)

Gebed: Here, ek wil ook gewillig en gehoorsaam wees soos Dawid was. Help my asb. om ander mense te help waar ek kan en so ook aan U gehoorsaam te wees. Amen.

Handwerk aktiwiteit is op bladsy 11

(Die idee van die handwerk aktiwiteit kom uit "Gehoorsaamheid" van die Steps-reeks.)(Aurora Production) www.thestepsprogram.org

Handwerk aktiwiteit:

Kopieer die voetjies met die woorde "Ek is gewillig" daarop op karton. Laat die kinders dit uitknip. Maak vere ("springs" in Engels) van 2 stroke papier (2 cm X 30 cm) in verskillende kleure. Plak die papier op mekaar vas om 'n "L" te vorm (teen 90°) en vou die papiertjies beurtelings oor mekaar (soos konsertina voue) tot die papier alles gevou is. Plak die papiertjies teen mekaar vas en plak dan die een kant van die veer bo-op die voetjies vas. Laat die kinders die bokant van die "spring" vashou en die voetjies op en af laat hop sodat hulle kan onthou om gehoorsaam te wees en gewillig te wees om gebruik te word.

Stap 1:

Stap 2:



Stap 3:

Stap 4:

Stap 5: